Publication: Die Burger (Kaap Platteland)
Date: 04 Jan 2017
Page: 11

# Hoeveel moet nóg sterf?



**Aktueel**
Chris Jones

Hoe lank nog gaan jeugdiges in inisiasie-seremonies sterf? Dit is groot getalle seuns nie beskore om volwasse te word nie omdat hierdie praktyk hul lewe eis.

Ons sal eers ná hierdie inisiasieseisoen weet hoeveel seuns in 2016 gesterf het, maar in 2015 was dit 101 (van wie ons weet).

Sedert 1994 het sowat 1 700 seuns op hierdie wyse gesterf. Dit is gelykstaande aan 154 sokkerspanne!

Ook sal baie van dié seuns nie op 'n normale manier kinders kan verwek nie, omdat hul geslagsdele ernstig vermink word.

Ons Grondwet maak wel voorsiening daarvoor dat kultuurgroepe hul tradisies kan uitleef, maar verbied ook wrede, onmenslike en vernederende optrede.

Die regering en ander belanghebbendes gee aandag daaraan om inisiasieskole veiliger te maak, maar steeds gaan die "slagting" en "skendings" voort.

Hoekom lei die regering se pogings rakende inisiasie-monitering, toesig en regulering nie werklik tot aansienlik minder sterftes en amputasies nie?

Kultuurgebruike en tradisie, alhoewel belangrik, mag nie in 'n moderne demokrasie belangriker geag word as die reg op menswaardigheid en die heiligheid van lewe nie.

Van hierdie sterftes grens aan moord, want jeugdiges sterf weens verwaarlosing, ontwatering, aanranding en infeksie.

Veral bosbesnydenisse word slordig uitgevoer, en sekere inisiasiepraktyke is skokkend.



**'n Tradisionele inisiasieskool in KwaMagxaki naby Port Elizabeth.** Foto: WERNER HILLS

> **Sedert 1994 het sowat 1 700 seuns op hierdie wyse gesterf.**

Baie ouers is daarteen gekant dat hul seuns deur 'n medies opgeleide verpleër van buite behandel of na 'n hospitaal geneem word. Daar kleef 'n stigma aan laasgenoemde, want só voltooi 'n seun glo nie sy kursus en word hy nie 'n man nie. Daarom word baie van die seuns eers as 'n heel laaste uitweg hospitaal toe geneem.

Koning Faku, die Mpondo-heerser, het besnydenis in die 1820's afgeskaf, maar dit het in die 1980's weer gewild geword toe plaaslike owerhede nuwe vorme van manlikheid wou bevorder.

Is besnydenisse in steriele chirurgiese omstandighede, met die kultuur in ag geneem, te veel gevra?

In sekere dele van die land het inisiasieskole die laaste jare vinnig uitgebrei. Straatboewe en tsotsi's buit die situasie finansieel uit en teer op hierdie tradisie.

Volwasse boosdoeners in hierdie skole word soms in hegtenis geneem, maar die volgende dag vrygelaat. Só kom hulle letterlik met moord weg.

Heelwat meer behoort gedoen te word om onwettige inisiasieskole uit te roei. Bewusmakingsprogramme in skole moet nog meer verskerp word. Mediese bystand van buite moet aangemoedig word. Onwettige tradisionele praktisyns wat wonde op onhigiëniese wyse behandel, moet vervolg word. Ouers moet aangemoedig word om nie regulasies oor inisiasies te ignoreer nie.

Inisiasieskole moet nog meer gesentraliseer word. Hoe minder sulke skole daar is, hoe makliker kan dit gemonitor word.

Ek is verheug dat die Xhosa-koningshuis antwoorde eis van die toesighouers by inisiasieskole in die Wes-Kaap nadat seuns hier gesterf het.

Die Wes-Kaap is tradisioneel 'n gebied waar inisiasies baie veilig gedoen word. Sedert 1995 is ongeveer 835 seuns net in die Oos-Kaap tydens inisiasies dood.

In die hele Suid-Afrika behoort alle rolspelers nuwe en beter strategieë in te stel, sodat hierdie sterftes, dikwels in uiters primitiewe omstandighede, verminder en uitgewis kan word.

Wat dit moeilik maak, is dat inisiasie 'n rite is wat in geheimhouding versluier is en dat baie tradisionele leiers teen die toetrede van buitestanders gekant is.

Ander is bekommerd dat hul tradisionele gebruike tot niet sal gaan as dit met moderne mediese behandeling gepaardgaan.

Die seuns wat in 2015 in inisiasies gesterf het, is vier keer meer as die mynwerkers wat in die Marikana-slagting gesterf het.

Behoort hierdie saak nie heelwat meer aandag op die hoogste regeringsvlak te geniet nie?

Mag iewers vorentoe 'n standbeeld van die *umkhwetha* ['n seun wat 'n groepinisiasie ondergaan] verrys ter ere van al die "onskuldige" seuns wat in inisiasies met hul lewe geboet het.

■ **Dr. Jones is 'n teoloog van Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission